Bobaas reeks

Bobaas Grasvreter 14%

Grasvreters is in staat om laer kwaliteit voere, goed te benut. Hulle dieet se verteerbaarheid, energiewaarde en proteïen-waarde is laer as dié van blaarvreters. Grasvreters spandeer baie tyd aan herkou en dit verseker dat die moeilik verteerbare materiale opgebreek word om sodoende groter oppervlaktes bloot te stel aan mikroörganismes vir fermentasie in die rumen (grootpens). Grasvreters het ook 'n baie groter verteringstelsel relatief tot liggaamsgewig in vergelyking met blaarvreters. Ons Bobaas Grasvreter 14 bevat 14% proteïene en is geformuleer vir alle grasvreters en gemengde vreters kan ook van hierdie voer vreet. **Dit is 'n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word.**

Registrasienommer: V29054
Wet 36/1947

VOEDINGSTOF	SPESIFIKASIE	KONSENTRASIE	MIN/MAKS
Proteïen	140	g/kg	min
Proteïen vanaf NPN	0	%	maks
Energie (Beraam)	9.5	MJ/kg	min
Vog	120	g/kg	maks
Vet	50	g/kg	min
Vesel	110	g/kg	maks
Kalsium	12	g/kg	maks
Fosfor	7	g/kg	min
Kalium	12	g/kg	min
Magnesium	3	g/kg	min
Natrium	2	g/kg	min

Tipe dier
Grasvretende wild.

Doel
Om die unieke vermoë van grasvreters om lae kwaliteit ruvoer te benut te optimaliseer en weidingstekorte aan te vul.

Voordele van die produk
- Bevat hoë kwaliteit spoorminerale waarvan ‘n groot gedeelte organies is.
- Bevat lusern en ander produkte vir smaaklikheid.
- Bevat slegs hoë kwaliteit natuurlike proteïene.
- Bevat verbyvloei-aminosure in spesifieke verhoudings om beter liggaamsgroei, melkproduksie en horinggroei te bewerkstellig.
- Bevat meer as een energiebron om optimale vertering te bewerkstellig.
- Die produk is geformuleer om groei, reproduksie en horinggroei te bevorder asook om ‘n gesonde haarkleed te verseker.
- Word in pilvorm aanbeveel vir minder vermorsing en beter inname.

Voerinstruksie
- Dit is ‘n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word. Voer streng volgens aanbeveling. Raadpleeg ‘n Wildswinkel Voere voedingskundige indien meer inligting verlang word.
- Verseker dat daar voldoende vreetspasie is vir elke dier.

Inname riglyne
- Rooibok: 0.275 – 0.55 kg/dag
- Eland: 2.25 – 4.5 kg/dag
- Springbok 0.175 – 0.375 kg/dag
- Blesbok 0.35 – 0.7 kg/dag
- Blouwildebees 1.0 – 2.0 kg/dag
- Waterbok 1.0 – 2.0 kg/dag
- Swartwitpens 1.0 – 2.0 kg/dag
- Bastergemsbok 1.35 – 2.8 kg/dag
- Buffel 2.5 – 5.5 kg/dag

Vorm & Verpakking
Pille in 50 kg sakke.

Waarskuwing
Dit is ‘n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word. Voer streng volgens aanbeveling. Raadpleeg ‘n Wildswinkel Voere voedingskundige indien meer inligting verlang word.